
# DIE VERSTOTELINGE

**Charlie Els** el55@mweb.co.za



*Christiaan Jacob Johan Els (Charlie) is op 15 Augustus 1942 in Vrede in die Vrystaat gebore, waar hy skool toe gegaan en in 1960 gematrikuleerhet. In 1961 het hy by die Pretoria-onderwysersopleidings-kollege ingeskryf en gradueer met 'n B.Sc. graad, hoofvak in Wiskunde en Geografie, aan die Universiteit van Pretoria in 1965. In 1966 trou hy met Wilma Hickey,. Hulle het twee kinders, 'n seun, Corné, gebore in 1969 en 'n dogter, Margot, gebore in 1972. Charlie het in 1995 begin met familie-navorsing as stokperdjie en het sy en sy vrou se voorgeslagte nagevors. Hy het by die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika (GGSA) aangesluit. Van November 2002 tot Mei 2017 het hy 11 artikels in Familia die kwar-taaljoernaal van die GSSA gepubliseer, asook in Genesis, die kwartaallikse tydskrif e-GGSA. Twee van sy artikels gepubliseer in Familia is gekies as die beste artikels wat in die joernaal vir die jare 2011 en 2014 gepubliseer is.*

## Inleiding: My soeke na my verlore stieftante

Een van my niggies het beweer dat my ouma Els eers met ‘n van der Merwe getroud was voor sy met my oupa Els getroud is en dat sy ‘n dogter (moontlik twee) by dié van der Merwe gehad het. Ons res van die familie het niks daarvan geweet nie en dit het my op ‘n soektog gestuur na dié verlore dogter van my ouma en stieftante van my. My bevindings was ‘n openbaring; daar was inderdaad so ‘n dogter maar sy was nie soseer verlore en vergete as wat sy verstoot en verswyg was nie. Die rede hiervoor was dat sy aan

melaatsheid gelei het; 'n siekte wat destyds verafsku was en liefs verswyg as dit in 'n familie voorkom.

Ek het in die biblioteek van die Noord-Transvaaltak van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika (GGSA) rekords gekry van die Pretoria Melaatse Instituut by Westfort wat 'n belangrike bydrae tot my navorsing gemaak het en terselfdertyd nog "verlore" mense in ander geslagregisters blootgelê het; weereens mense wat nie soseer verlore was nie as wat hulle verswyg was omrede hulle melaats was.

**Die Weggooi-kind**

My grootouers, Johannes Marthinus Els en Catharina Elizabeth Els (gebore Uys) het vyf kinders gehad: my pa, Nicolaas Jacobus Els en sy drie broers, my ooms, Johannes Gerhardus Els, Johannes Marthinus Els en Barend Christiaan Els en 'n dogter, my enigste tante (soos ons verstaan het) aan vaderskant, Catharina Elizabeth Els.

My niggie, my bogenoemde tante se dogter, het gesê dat haar ma haar vertel het dat my ouma twee keer getroud was; voordat sy met my oupa getroud is, was sy glo met 'n van der Merwe getroud by wie sy twee dogters gehad het. Albei die dogters is jonk oorlede; die oudste glo net kort voor sy in die huwelik sou tree en die ander een as kind.

Dit het sin gemaak want in ons familie is die "naamgee-patroon" nougeset gevolg met kinders se vernoeming: My pa is vernoem na sy oupa aan vaderskant, die tweede seun is vernoem na sy oupa aan moederskant, die derde seun na my oupa self en die vierde

seun na my oupa se oudste broer. Dit was dus eienaardig dat my tante vernoem is na haar ma, asof sy die derde dogter was en nie die eerste en enigste soos wat ons verstaan het nie.

Ek het vir hulp aangeklop by Janet Melville, bekende navorser en opsteller van die Van der Merwe-boek. Sy het bevestig dat my ouma, Catharina Elizabeth Els (gebore Uys), inderdaad eers getroud was met ‵n Andries Petrus Stephanus van der Merwe.


My oumagrootjie, my ouma se ma, was Dina Magrietha Pieterse, so my ouma se oudste dogter by haar eerste man moes, volgens die naamgee-patroon, Dina Magrietha van der Merwe gewees het. Ek het op NAAIRS na ‵n boedel of ander lêer vir Dina Magrietha van der Merwe gesoek. Daar was nie ‵n boedel-lêer vir so ‵n persoon nie maar wel twee ander lêers met dokumente wat ‵n tragiese verhaal ontbloot het:

Die eerste was ‵n brief van 9 September 1909 deur die Assistent Koloniale Sekretaris van Transvaal gerig aan die Koloniale Sekretaris, Oranjerivierkolonie. Dit is ‵n navraag van die Superintendent van die Pretoria Melaatse Instituut ("Pretoria Leper Asylum") wat soos volg lees:

"*A White leper named Dina van der Merwe in the Pretoria Asylum wishes to know whether her parents named J. M. Els and Katrina Elizabeth Els, nee Uys, are living in Devilliersdorp, District Vrede, O.R.C. She has heard that they are residing on ground belonging to Mathewis Pieters in the above-mentioned place; and I have the honour to ask whether you will be good enough to cause enquiries to be made in this connection and furnish me with the result*" (TAB CS 920 REF. 18232 LEPER, DINA VAN DER MERWE. 1909 – 1914).

Op 28 September 1909 antwoord die Onder Koloniale Sekretaris van die Oranjerivier-kolonie soos volg:

"*With reference to your letter No. 1/16232 of the 9th instant, I have the honour to state that the parents of the white leper Dina van der Merwe are living, and reside at present in the town of Villiers, Frankfort District, Orange River Colony*." (VAB CO VOL. NO. 528 REF. 276/21):



PRETORIA LEPER ASYLUM

THE ASSISTANT COLONIAL SECRETARY.

COLONIAL SECRETARY'S OFFICE, 7 SEP. 1909 PRETORIA. TRANSVAAL.


CS 920/1 18232

A white leper named Dina Van der Merwe wishes to know whether her parents named J. M. Els and Katrina Elizabeth Els, nee Uys, are living in Devilliersdorp, District Vrede, O. R. C. She has heard that they are residing on ground belonging to Mathewis Pieters in the above-mentioned place;

Will you kindly communicate with Bloemfontein with a view to obtaining information of these people?

SUPERINTENDENT.

6th September, 1909.



No. 276/21

Colonial Secretary's Office,
Bloemfontein, O.R.C.

28th September 1909

COLONIAL SECRETARY'S OFFICE, 30 SEP. 1909 PRETORIA. TRANSVAAL.

Sir,

With reference to your letter No. 1/18232 of the 9th instant, I have the honour to state that the parents of the white leper Dina van der Merwe are living, and reside at present in the town of Villiers Frankfort District, Orange River Colony.

I have the honour to be,

Sir,

Your obedient Servant,

UNDER COLONIAL SECRETARY

CS 920/1 18232

The Asst. Colonial Secretary
Pretoria

Twee briewe uit die Kaapse en Vrystaatse argiewe (Bron1)

Dié Dina van der Merwe was duidelik my ouma se dogter want my oupa en ouma word by name as haar ouers genoem in die navraag van die Assistent Koloniale Sekretaris van Transvaal. Sy is dus in die "Pretoria Leper Asylum" opgeneem en my oupa en ouma het geen kontak met haar behou nie anders sou sy nie navraag gedoen het oor waar haar ouers woon nie.

My oupa, Johannes Marthinus Els, is dood voor my geboorte.Ek het hom nooit geken nie maar my ouma het lank by ons op die plaas waar ek grootgeword het in die distrik Vrede in die Vrystaat gewoon. Sy is daar oorlede en op die dorp begrawe toe ek 13 jaar oud was. Ek het haar goed geken en baie met haar gesels maar sy het nooit gepraat van haar eerste man of van haar oudste dogter, Dina, nie.

Volgens inligting beskikbaar op die "British Concentration Camps Database (BCCD)-webwerf (Bron 2) blyk dit dat, gedurende die Anglo Boere-oorlog (ABO), terwyl my oupa op kommando was, my ouma met haar drie oudste seuns, my pa en sy twee oudste broers en die dogter, "Diena Magaretha van der Merwe" in the Middelburg (Transvaal) Konsentrasiekamp was vir 5 maande voordat hulle oorgeplaas is na die Merebank Konsentrasiekamp, suid van Durban (Let wel: my ouma se twee jongste kinders, Barend Christiaan en Catharina Elizabeth, is eers na die oorlog gebore en was dus nog nie deel van die gesin op daardie stadium nie).

My ouma was as "Mrs. Johannes Marthinus Els" aangeteken, saam met my pa, Nicolaas Jacobus, sy twee broers, Johannes Gerhardus en Johannes Marthinus en sy stiefsuster "Diena Magaretha van der Merwe". Daar was verkeerdelik na my ouma verwys as "the mother – adopted" van Dina. My oupa was wel haar stiefpa maar sy was inderdaad my ouma se eie kind. Dis hoekom die kind na my ouma se ma, Dina Magrietha Pieterse, vernoem is. My ouma se ouderdom was gegee as 23. Dit was 'n foutief want sy was 33. Ek het met die webmeester van die BCCD webwerf, Elizabeth van Heynigen van die Departement van Historiese Studies, Universiteit van Kaapstad, geskakel en vir haar die nodige inligting en bewyse gestuur, wat sy bygewerk het. Dit lees nou so:



British Concentration Camps of the South African War 1900-1902

BCCD

Home | Database | Camps | Contact | Links | FAQ | Reading List | Login

**Personal Details**

| | |
|---|---|
| Name: | **Mrs Johannes Marthinus Els** |
| Other Names: | **Catharina Elizabeth** |
| Maiden name: | Uys |
| Date of birth: | 18680131 |
| Place of birth: | Wakkerstroom |
| Born in camp? | No |
| Age died: | |
| Died in camp? | No |
| Gender: | female |
| Race: | white |
| Marital status: | married |
| Nationality: | Transvaal |
| Registration as head of family: | Yes |
| Unique ID: | 81338 |

**Camp History**

| | |
|---|---|
| Name: | Middelburg RC |
| Age arrival: | 23 |
| Age arrival: | in fact she was 33 |
| Date arrival: | 02/05/1901 |
| Date departure: | 14/10/1901 |
| Destination: | Merebank, Natal |
| Tent number: | II 422 |

**Farm History**

| | |
|---|---|
| Name: | Morgenzon |
| District: | Bethal |

**Status of Husband**

| | |
|---|---|
| Type: | On commando |
| Notes: | Johannes Marthinus Els |

**Relationships**

**Mrs Johannes Marthinus Els (*Catharina Elizabeth*)**
is the mother of Master Nicolas Jacobus Els
is the mother of Master Johannes Gerhardus Els
is the mother of Master Johannes Marthinus Els
is the mother of Miss Diena Magaretha van der Merwe (*Dina Margaretha*)

Uittreksel uit die BCCD webwerf (Bron 2)

My pa was 5 jaar oud toe hulle in die Middelbrug-konsentrasiekamp opgeneem is en Dina was 14, so sy was 9 jaar ouer as my pa. Soos later sou blyk is sy in die Pretoria Melaatse Instituut opgeneem toe sy 20 jaar oud was. My pa was toe 11 jaar oud. Hy moes haar dus kon onthou; mens vergeet mos nie so ‘n ouer suster met wie jy 11 jaar lank saam gelewe het nie. Tog het hy, net soos my ouma, nooit ‘n woord daaroor of oor dié stiefsuster, Dina, gepraat nie. Sy is verstoot, verswyg en vergeet; ‘n weggooi-kind.

Volgens die BCCD-webwerf was die Middelburg Konsentrasiekamp die grootste kamp in die Transvaal-stelsel, wat op een stadium meer as 7 000 inwoners gehuisves het en dit was "very badly run". Die "Dameskomitee" wat die kamp besoek het, het gesê dit is as een van die mees onbevredigende kampe wat hulle besoek het. 'n Inname van meer as 3 000 mense in Mei 1901 (waaronder my ouma en haar kinders) het wanhopig-verarmde en verswakte mense ingebring wat die verpreiding van siektes in die kamp verhaas het. Die Eerste Superintendent van die kamp het gesê dat die nuwe aankomelinge in 'n swak toestand was. Hy het waarskynlik nie oordryf nie, want Middelburg was bekend as 'n distrik bewoon deur verarmde "bywoners" (so ook was my Oupa en Ouma Els). Hulle het by ander boere gewoon en gewerk vir 'n deel van die oes en vir die reg om 'n paar stuks vee aan te hou.

Sommige het 'n lewe op die "Mapochsgronden" probeer maak; klein stukkies grond wat deur die Republikeinse regering aan die armes beskikbaar gestel is. Baie was van die swakste klas boer, afkomstig van die armste en mees koorsgeteisterede dele van Transvaal. Hulle het onder hul landgenote bekend gestaan as "Mapochers".

Die nuwe aankomelinge was dikwels so armoedig dat sommige families net een kombers gehad het. Honderde kinders was sonder skoene en sommige meisies het net een kledingstuk gehad. Daarbenewens was daar baie wat siek was van Malaria. Die koue midwinter, gebrek aan klere en komberse en die versuim van die kampowerheid om die kinders vir 'n volle dertien dae in tente te hou, soos wat die reël was, het alles bygedra tot 'n hoë aantal sterftes. Terwyl masels onder die kinders uitgebreek het, is volwassenes deur griep oorval en kinders wat aan herstel was van

die masels, het daarna ook griep gekry. Gedurende September en Oktober 1901 is die aantal mense in die Middelburg-kamp geleidelik verminder. Dit is toe my ouma-hulle ook verskuif is na Merebank. Die Middelburgkamp self is verklein en verskuif na 'n nuwe terrein op die oewer van die Olifantsrivier.

Die Merebankkamp is in September 1901 gestig, hoofsaaklik om die getalle in die Transvaalse kampe te verminder en die hoë aantal sterftes wat die kampstelsel tot gevolg gehad het, te verminder. Met ongeveer 9 000 inwoners was dit die grootste kamp in die stelsel. Die kamp was geleë op die subtropiese Natalse kus, net suid van Durban, in 'n klimaat wat baie verskil van die droeë Hoëveldlug waaraan die Boere gewoond was. Die humiditeit, sterk winde en somerreëen het alles tot ongemak bygedra, alhoewel die koel seebries waarskynlik darem gehelp het om die temperatuur in die somer bietjie te verlaag.

Die kamp was boonop opgerig op laagliggende, moerasagtige grond met sand wat oor alles waai en vloere en beddegoed wat konstant nat was. Omstandighede was so swak dat die Dameskomitee, nadat hulle die kamp besoek het, aanbeveel het dat die Merebankkamp verskuif moet word. Desondanks het die kamp egter gebly waar dit was (Bron 2).

Die vredesverdrag, die “Vrede van Vereeniging”, is op 31 Mei 1902 in Pretoria onderteken. My ouma en haar kinders het waarskynlik tot aan die einde van die oorlog in die Merebankkamp gebly.

Kort ná die einde van die oorlog het Dina Margaretha van der Merwe melaatsheid opgedoen. Die haglike en onhigiëniese

omstandighede in beide die Witbankkamp en die Merebankkamp het waarskynlik daartoe bygedra.

**Melaatsheid**

Daar het 'n geweldige stigma aan melaatsheid gekleef. Dit was sosiaal onaanvaar en iets wat liefs verberg en verswyg was as dit in 'n familie voorgekom het. Die feit dat die bybel voorgeskryf het dat melaatses vermy en verban moes word het beslis bygedra tot die stigma:

"*Iemand wat 'n velsiekte het wat hom onrein maak, moet geskeurde klere dra en sy hare onversorg laat. Hy moet ook die onderste deel van sy gesig bedek en uitroep: "Onrein! Onrein!". Hy bly onrein solank hy die siekte het. Hy moet dan ook in afsondering lewe en buite die kampplek bly*" (Levitikus 13:45-46).

Melaatsheid word meer as 40 keer in die bybel genoem. Hoekom daar so baie oor melaatsheid in die Bybel gepraat word, is omdat geglo is God het die vloek van melaatsheid oor die mensdom gebring as straf vir hulle sondes. Melaatsheid was beskou as 'n voorbeeld van die verlammende invloed van sonde in 'n persoon se lewe. Melaatses was as beide fisies en geestelik onrein beskou. Hulle is so verag en verafsku dat hulle nie toegelaat is om in die gemeenskap saam met hulle eie mense te woon nie (Numeri 5:2) (Bron 3):

"*The word 'Leper' is a metaphor, a symbol of stigma*. *For many centuries, leprosy was considered a curse of God, often associated with sin*. *It did not kill, but neither did it seem to end. Instead it lingered for years causing the tissues to degenerate and deforming the body*" (Bron 4).

By San Lazzaro d' Arce by Assisi in Frankryk, waar daar ses "Lazarhuise" was (so genoem na die Bybelse Lazarus, wat in Jesus se gelykenis met sere oortrek was (Lukas 16:19-31), is melaatses formeel deur 'n priester toegelaat. Die melaatse moes in die begraafplaas staan terwyl die priester hom vir die wêreld dood verklaar het en bygevoeg het dat sy lyding in die lewe hom sou lei na die koninkryk van die hemel. Omdat hy "dood" was, is sy familie onthef van die verpligting om na hom om te sien.

Nadat die begraafplaas se stof op die melaatse se kop gestrooi is, het die priester hom herinner aan die reëls wat vir melaatses gegeld het: Hulle kon nie die huis verlaat nie tensy hulle 'n duidelike grys mantel gedra het en met 'n klokkie of 'n houtklapper ("clapper" of "ratchet") 'n geraas gemaak het om ander mense te waarsku.



Melaatse met sy klok



Melaatse met sy klapper

Hulle is verbied om kermisse, markte, meulens en plase te besoek en om Assisi binne te gaan. Hulle kon slegs om kos bedel as hulle handskoene gedra het en 'n bak gebruik het om die aalmoese in te ontvang. Hulle is verbied om direk uit fonteine, riviere en putte te drink; hulle kon net uit hulle eie flesse drink. As hulle met gesonde mense gepraat het, moes hulle wind af van hulle staan (Bronne 5 en 6).

Die afsondering van melaatses het wêreldwyd tot laat in die twintigste eeu voortgeduur. In Suid-Afrika was die verwydering van melaatses uit die gemeenskap en hulle isolering wetlik verpligtend tot 1977. Hulle is dus inderdaad nie gehospitaliseer nie maar aangehou. Daar is na die melaatses in die inrigtings verwys as "inmates" (aangehoudes of gevangenes). Net soos politieke gevangenis is aan die melaatses nommers toegeken.

Daar was inrigtings vir melaatses op Robbeneiland, in Bloemfontein en in Pretoria. Die "Pretoria Leper Asylum" of "Pretoria Leper Institution" was die Westfort Melaatse Instituut ("Westfort Leper Institution") of -Hospitaal, (soms ook na verwys as 'n "Leprosegestig"), geleë noord van Lotus Gardens, ongeveer elf kilometer ten weste van Pretoria middestad. Dit het geopen in 1898.

Toe die melaatse instituut op Robbeneiland in 1931 gesluit is, het Westfort die enigste veelrassige fasiliteit vir die aanhouding van melaatses in Suid-Afrika geword.

In 'n Artikel oor die instituut op Robbeneiland getiteld "Island of Tears" skryf Faan Pistor:

*"Anyone that had been diagnosed with any form or degree of leprosy had to be removed to the island. Unfortunately people suffering from obvious skin diseases often were regarded as leprous. Therefore many with skin disorders were hidden by their families for fear of the hell on the island.*

*Family members of people diagnosed with "leprosy" were not easily given jobs. Fear-stricken people diagnosed with "leprosy" often fled before warrants against them could be executed."*

Die Internasionale Historiese Genootskap Robbeneiland wat in 2009 gestig is deur afstammelinge van eertydse pasiënte en personeel van die eiland en ander belangstellendes en belanghebbendes, stel dit soos volg:

*"Robbeneiland was destyds egter nie net 'n kolonie vir "melaatses" nie. Die wrede werklikheid is dat die eiland vir die eertydse koloniale owerheid aan die suidpunt van Afrika 'n gerieflike stortingsterrein geword het vir almal wat deur hom as ongewens beskou is.*

*Daarom is ook verstandelik gestremdes, dowes, epilepsielyers, erg verswakte bejaardes, mense met Downsindroom, mense wat harsingskudding, bipolêre siekte, Alzheimersiekte of beroerte gehad het of erg getraumatiseer of outisties was, asook lyers aan ander toestande, deur die koloniale owerheid "sielsiek" verklaar, van hul geliefdes en uit die samelewing weggeruk en teen hul sin summier op Robbeneiland gaan aflaai waar hulle verdruk, verneder en vergeet is en uiteindelik in ongemerkte grafte begrawe is."* (Bron 7)

Oor die Melaatse Instituut by Westfort word geskryf:

*"The fence, guard towers and prison comparisons were symbolic of more than just the treatment of patients at Westfort. They highlight one of the themes that has run through the history of leprosy treatment and control – isolation and segregation. The physical construction of institutions such as Westfort seems to reinforce this. Westfort was built on the outskirts of town and was surrounded by a 12-foot barbed-wire fence."*

Die melaatses is geïsoleer, die plek is streng bewaak en besoeke deur familie was beperk:

"*Those living with leprosy in South Africa were strictly segregated from the outside world. They lived, ate, work and very often died and were buried within the confines of the institution*"

"*two guards were posted at the entrance and visits from family members were restricted to once every two weeks, with patients forced to sit behind a glass screen in a prison-like atmosphere when they received visitors.*" (Bron 8).

Net soos op Robbeneiland is psigiatriese pasiënte ook in Wetfort gehou. Die man wat Suid-Afikaanse Eerste Minister, Dr. H. F. Verwoerd, in 1966 in die parlement vermoor het, Dimitri Tsafendas, wat as skisofreen gediagnoseer was, was op 'n stadium ook 'n pasiënt in Westfort.

Die plek is vandag bekend as Westfort; vernoem na een van Pretoria se ou forte, naamlik Fort Daspoortrand, ook bekend as Fort West, wat op die terrein opgerig is.


Illustration 1: Housing complex at Fort West in Pretoria West (Author, 2012).

Vervalle geboue op die Westfort-terrein (bron 9)
Na die wêreldwye vordering in die behandeling van die eeue oue afstootlike siekte is die fasiliteit in 1997 gesluit. Die hospitaal en meegande geboue op die terrein het mettertyd baie vervalle geraak en is beset deur plakkers (waarvan baie Blankes is) (Bron 10).

Die Tswane Munisipaliteit beoog nou om 'n gemengde behuisingsprojek daar te ontwikkel om dié inwoners en inwoners van ander informele nedersettings te behuis (Bron 11).


Vandag weet ons dat melaatsheid 'n bakteriologiese infeksie is (veroorsaak deur die mikrobe *Mycobacterium leprae*) wat doeltreffend met antibiotika genees kan word. Die organismes wat

die siekte veroorsaak gaan met vandag se behandeling binne 'n paar dae na die eerste toediening van medikasie, dood.

Dit is ook nie so hoogs-aansteeklik as wat vroeër geglo was nie. Dit word net deur langdurige en intieme kontak oorgedra. Dit is nie meer nodig, soos in vroeëre jare, om 'n melaatse persoon te isoleer nie. Daar is gevolglik geen Melaatsheid-inrigtings meer nie.

**Dina en ander familielede in die Pretoria Melaatse Instituut**

ek het, met die hulp van die bibliotekaresse, Lynn du Toit, dokumente verkry uit die biblioteek van die Noord-Transvaaltak van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika (GGSA) wat handel oor die stambome van etlike pasiënte in die Pretoria Melaatse Instituut. Dit is verslae en handgetekende stambome van dié pasiënte, opgestel in 1927 deur 'n destydse Matrone van die Instituut se hospitaal, Mej. A. M. Whiteman (Bron 12).Hieronder is 'n voorbeeld van een van Mej Whiteman se handgetekende stambome, naamlik haar "Rousseau and van Dijk Family Tree". Daar is nog 18 sulke stambome wat sy geteken het vir die ander families wat ek teen die einde hiervan vermeld.Mej Whiteman se "Rousseau and van Dijk Family Tree"


Rousseau & van Dijk Family Tree

David Gedeon Johannes Rousseau
No 103. N Type - died here of Leprosy 16th Novr 1914

His cousin Maria Susanna Rousseau, born van Dijk
No 112. N. Type - Out under rules since 22-8-1923

Her cousin Nicholaas Jacobus van Dijk
No 193. N Type. Died here of Leprosy & Tumour of the Brain
8th Sept 1915

His son Marthinus Jacobus Badenhorst van Dijk
No 287. N Type. Patient here

N J v Dijk's daughter Neeltje Christina van Dijk
No 337 M Type Patient here

In the order in which they were admitted

Die doel van Mej Whiteman se ondersoek was om te probeer vasstel of melaatsheid oorerflik is. Dit is nie die geval nie; soos reeds genoem is melaatsheid 'n infeksie. Dit word deur fisiese kontak tussen mense oorgedra, gevolglik het dit wel in families voorgekom en versprei, soos familielede mekaar besmet het maar dit is nie geneties oordraagbaar nie.

Die pasiënte in die Instituut is met allerlei middels behandel wat blykbaar geen genesing in die hand gewerk het nie en hulle waarskynlik meer skade as goed gedoen het: Kamfer, Resorcin, Chaulmoogra Olie, Collobissses Chaulmoogra inspuitings, Gynokardiensuur-pille, Nastin inspuitings, Natriumhidnokarpaat-inspuitings, ens.

Uit die dokumente uit die biblioteek blyk dit dat Dina Margaretha van der Merwe op 13 September 1907 in die Pretoria Melaatse

Instituut opgeneem is. Sy was Pasiënt no. 94. Sy is op 22 Mei 1887 in Wakkerstroom gebore en was dus net oor die 20 jaar oud toe sy opgeneem is. In die verslag oor haar skryf Mej Whiteman:

*"She became a leper in 1904 and was recorded ill 3 years before admission"* en verder: *"she was not a bad case on arrival, nor for some years after; but became worse in 1914, and was very bad from then until her death on 25,7,15."*

Haar een oom, haar pa se ouer broer, Jacobus Johannes Rudolph van der Merwe (c.1857- 16.2.1914) was ook 'n pasiënt in die inrigting. Hy was Pasiënt no 55, opgeneem op 13 Augustus 1903. Twee van sy kinders, Aletta Elizabeth van der Merwe (12.1893 – 16.11.1913) en Johannes Francois van der Merwe (gebore 8.1896) (dus 'n niggie en neef van Dina) was ook pasiënte daar. Die verslag oor Johannes is self 'n openbaring:

*"He was as patient no. 229 in the Pretoria Leper Institution. He was admitted the first time on 1 May 1918, the second time on 4 May 1920 from Robben Island. He committed serious crime in Pretoria in 1913 and was sent to work as a convict on the Breakwater at Cape Town where he served 2 years and five months. Then he was sent to work to work for 7 months as a convict on a farm in Caledon District. There he developed leprosy and was sent to Robin Island on 29 November 1916. He was transferred from Robben Island at his own request arriving at the Pretoria Leper Institution on 1 May 1918. He committed a crime there too and was returned to Robin Island again on 2 October 1918. Then he was transferred back to the Pretoria Leper Institution at his request on 4 May 1920. His disease steadily progressed until it was a severe case."*

Sy suster, Aletta Elizabeth van der Merwe, is in 1911 getroud met Marcus Wynand Willers wat ook op 5 Oktober 1920 as Pasiënt no

262 opgeneem is. Hulle een dogter, Hendrina Andriana Willers, was ook melaats. Marcus Wynand Willers se eerste vrou, Aletta Elizabeth Strydom, was self melaats.

My ouma se pa, my oupagrootjie, Johannes Gerhardus Uys (6.11.1837- 27.6.1921) (Jan Maans) was ook 'n pasiënt in Westfort. Hy is op 7 Oktober 1914 op die ouderdom van 76 jaar en 11 maande in die Pretoria Melaatse Instituut opgeneem as Pasiënt no 186, afkomstig van Knellpoort, distrik Wakkerstroom (nou Amersfoort). Hy sterf in die inrigting op 27 Junie 1921 en is begrawe in een van die Westford-begraafplase op die terrein.

Hieronder is 'n foto van een van die drie begraafplase by Westfort asook 'n foto van my oupagrootjie se eenvoudige handgeverfte grafsteen in een van die begraafplase:



Een van die Begraafplase by Westfort (Bron 9)

Johannes Gerhardus Uys (6.11.1837-27.6.1921) se Grafsteen by Westfort.



My ouma se jonger suster, Susanna Catharina Uys (1.11.1869-27.12.1961) was getroud met George Diederik Bezuidenhout (5.12.1866- 31.8.1948). Twee van hulle kinders, George Diedrick Bezuidenhout (gebore 1894) en Magdalena Maria Bezuidenhout (1.1904- 28.4.1918) was ook pasiënte van die Instituut. Magdalena was Pasiënt no 153. Oor haar is, onder andere, die volgende aangeteken:

*"Her cousin, Dina van der Merwe, was her nurse from infancy until she (Dina) was send to the Asylum. She (Magdalena) became ill in Dec. 1911 and was admitted on 8 September 1912 from Piet Zijn Drift, district Wakkerstroom. She was recorded as "in good condition on arrival; was under treatment for a good while and improved". She lived with Dina van der Merwe "who was then a very severe case. In spite of repeated requests by Dr. T.S. Davies that this child should be put to live with a mild case, the then Superintendent would not have her taken away. She became a very bad modular case like her cousin*."

**Ander Families**

Die melaatse pasiënte en hulle melaatse familielede oor wie Mej Whiteman verslag doen en wie se stambome sy opgestel het en bespreek, is die volgende (Bron 12):

Dirk Pieter Badenhorst (4.12.1855-7.6.1924), Jacobus Johannes Boshoff (gebore 1839), Catharina Johanna Brits (gebore Roslee) (1877-13.2.1923), Christoffel Johannes Els (30.8.1869-16.1.1913), Carel Jacobus Erasmus (3.9.1890-20.6.1917), Hendrik Christoffel Grobler (1865-20.3.1916), Louis Christiaan Kok (1871-19.2.1906), Louwies Cornelius Jacobus van den Berg (1873-11.11.1914), Jacobus Christiaan le Grange (1871-19.5.1925), Gert Jacobus Lewis (-4.6.1911), Sybella Elizabeth Nel (gebore Roets) (8.1848-1.10.1919), Jan Hendrik Retief (c.1830-1888), David Gideon Johannes Rousseau (-16.11.1914), Nicolaas Jacobus van Dijk (-18.9.1915), Pieter Daniel Roux (12.1847-7.7.1914), Cornelius Daniel Snyman (1856-20.6.1905), Marthinus Agidius Theunissen (2.4.1851-6.1.1914), Louis Jacobus Theunissen (1861-23.7.1927), Jacobus Johannes van der Merwe (1857-16.2.1914), Jacomina Elizabeth Pretorius (gebore van Niekerk) (20.1.1853-10.11.1917), Johanna Helena Christina van Tonder (1896-12.3.1926), Jan Hendrik Venter (c.1793-) en Jan Adolph von Brandis (14.12.1864-29.4.1925).

Daar is interessante en soms ontstellende inligting vervat in die verslae. Oor Petrus Johannes Boshoff (gebore 1883) skryf Mej Whiteman, byvoorbeeld:

"*He was patient no. 35 at the Pretoria Leper Institution, admitted 6 June 1899 from Rietfontein West. He became a leper in 1889. He escaped on 25 August 1909, taking with him a female leper named Ida Retief, no 39 whom he allegedly married. They lived in various places in Transvaal and Rhodesia until their money was exhausted. Then they returned, asking for re-admission on 2 October 1912. He was discharged on 11 November 1915*."

Ida is in Julie 1917 ontslaan, onderworpe aan reëls wat sy moes nakom. Hulle het op 'n plaas in die Waterberg gewoon en het twee kinders gehad. Die eerste is dood toe hulle in Rhodesia gewoon het.

Ook van Pasiënt no. 312, Louis Jacobus Theunissen (28.12.1903-) word geskryf:

"*Says he began to lose feeling in hands, arms and legs 2 years before admission. Face became blotchy 8 months before admission. He was in good physical condition on arrival; was pronouncedly a nodular case. He escaped Aug. 23rd 1926; was re-captured in Sept. 1926 and sent at once to Robben Island, where he still is*."

Oor Willem Petrus Louw (10.4.1837-25.1.1913) en sy vrou, Helena Juanna Jakoba Greeff en hulle kinders, Gert Jacobus, Susanna, Maria Helena, Jacobus en Theunis, skryf Mej Whiteman:

"*All these people were Faith Healers and were in an appalling condition of decayed and offensive flesh; utterly refused all treatment and were such an offence to their neighbours that Dr. was requested to move them; for, said the other patients, "they were being made ill by the smell of them. They were accordingly removed with other Faith Healers to a separate building. They all died there except Maria who gave in when her brother and sister had died and allowed herself to be attended to".*

Net soos die geval was met Dina van der Merwe het ander melaatse pasiënte se familie dikwels nie veel kontak met hulle behou nie. Berigte soos die volgende oor Johanna Petronella van Aswegen (vroeër getroud van Rensburg) (1839-10.12.1923) vrou van Jan van Awegen, is algemeen:

*"Arrived here 24.9.1901, accompanied by her daughter. Mrs van Aswegen was then a widow. She had been a leper ten years before admission-a severe A type case. She died here 10.12.1923, having been an inmate 22 years 3 months.*

*Her daughter Johanna was not a leper, and was very soon sent away, and never came to see her mother afterwards. Mrs. Van Aswegen's eldest daughter, a Mrs Boshoff, came very infrequently, and for a number of years not at all."*

Pasiënte is soms ontslaan onderworpe aan reëls wat hulle moes nakom. Wat die reëls was is nie bekend nie. Mense wat ontslaan is was nie altyd welkom terug in die gemeenskap nie. Oor Pasiënt no. 111, Willem Adriaan Boshoff, seun van Nicholas Johannes Boshoff (1870-23.3.1919), skryf Mej Whiteman:

*"He was sent out under Rules 25th June 1926, having improved considerably. On the 1st June1927 he made a voluntary return. He told some of the patients that people did not want him at his mother's place and that it is not comfortable for him to live outside."*

Die feit dat mense aan melaatsheid dood is of in die Melaatse Instituut dood is, is ook dikwels verbloem. Oor dieselfde mev. Van Aswegen hierbo skryf Mej Whiteman:

*"She stoutly asserted that her stepbrother, the aforesaid Jacobus Johannes Boshoff, (son of her mother and Jacobus Johannes Boshoff the elder), had died of leprosy, and not of dropsy as his sons asserted. She said they wished to hide the fact."*

Ek het soveel moontlik bestaande geslagregisters sowel as webwerwe geraadpleeg om te kyk of daar besonderhede oor die melaatse pasiënte hierbo genoem en hulle familielede wat Mej

Whiteman in haar verslae bespreek, te vinde is. Ek het die volgende gevind:

(1) Die mense word nie vermeld in die registers nie;

(2) As hulle vermeld word, word die sterfplek nie gemeld as dit in die Instituut was nie, óf ‘n verkeerde plek, soos sy normale woonplek, word aangegee. My oupagrootjie, Johannes Gerhardus Uys, hierbo genoem, is ‘n voorbeeld. Volgens sekere Uys-bronne is hy dood op Paardenfontein (tussen Val en Kinross) en volgens ander op sy plaas Knelpoort, Wakkerstroom maar dit is nie waar nie en is maar pogings die om die waarheid te verberg.

(3) As die oorsaak van dood aangegee word is dit dikwels vals. Sybella Elizabeth Nel is, volgens Mej Whiteman, ontslaan en wel by haar huis dood "apparently in a leprotic attack" maar dit word verdoesel want, volgens die Geni Webwerf is sy op 1.10.1919 by haar huis in Germiston dood aan "Spanish Flu".

Carel Jacobus Erasmus (3.9.1890-20.6.1917) sterf in die Instituut maar is begrawe in die familie-begraafplaas by sy ouerhuis, die bekende Erasmuskasteel in Pretoria. Twee van sy susters, Maria Jacoba Katrina en Magdalena Jemima was ook pasiënte van die Instituut. Mens kry niks daaroor in beskikbare Erasmus-geslagsregisters nie.

Thersia Rossouw skryf wel daaroor in haar verhandeling (bron 6). Sy praat van "gruverhale van melaatse dogters wat in die torinkie toegesluit is" maar stel dit duidelik dat dit, volgens die Erasmusfamilie, onwaar is. Sy sê ook: "Baie Pretorianers sal ook in

kleur en geur vertel van die wit handskoene wat die arme dogters moes dra" en:

"Dit was glo net twee dogters van Jochemus Erasmus (wat die Erasmuskasteel in 1903 laat bou het) wat 'n ligte vorm van melaatsheid gehad het." Die vorm was egter "nie aansteeklik nie en die gesiene familie het 'n normale lewe gelei."

"Dit kon ook moontlik 'n velswamsiekte gewees het. Dié tipe velsiektes is gereeld vir melaatsheid aangesien. Hierdie beskouing het meriete, want volgens die Bybel se woordelys was die term 'melaatsheid' algemeen gebruik vir 'n verskeidenheid velsiektes, waarvan sekere van die siektes as ongeneeslik beskou is."

Daar is verskeie velsiektes wat moontlik in die vroeë twintigste eeu as melaatsheid aangesien kon word, soos erge vorms van ekseem, velsiektes soos Psoriase en oorerflike siektes soos Porfirie en Oudtshoorn-siekte wat baie onder Afrikaners voorkom.

Thersia Rossouw het verskeie Erasmus-familielede geraadpleeg, onder andere Mnr. J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Mnr. Jochemus Erasmus, die oprigter van die Erasmuskasteel. Sy skryf daaroor:

"Mnr. Pienaar het egter sy bedenkinge of die dogters wel melaatsheid gehad het. Hulle kon dalk verkeerd gediagnoseer gewees het. Volgens Pienaar het die Erasmus-dogters oor die algemeen slegte velle gehad (ekseem), wat in daardie dae moontlik dan aangesien is as melaatsheid."

**Slot en gevolgtrekking**

Melaatses is vir baie eeue verfoei en vermy want hulle is as fisies en geestelik onrein beskou. Hulle is uit die normale gemeenskap verwyder en in Melaatshuise of Melaatse instutute/gestigte afgesonder waar hulle niks anders as gevangenes was nie. Die melaatshuise was aaklige plekke waar die melaatses sleg behandel is. Hulle is dikwels saam met psigiatriese pasiënte ("sielsiekes") en misdadigers aangehou; so ook in Robbeneiland en Westfort.

Die melaatses is in die Institute met allerlei konkoksies behandel wat gladnie genesing in die hand gewerk het nie en waarskynlik tot hul siekte en dood bygedra het.

Eers in die vroeë Negentienhonderds is ontdek dat melaatsheid bloot 'n bakteriolgiese infeksie is wat met antibiotika behandel en genees kan word en het die stigma wat aan melaatsheid gekleef het, verdwyn.

Daar is rekord en verslae beskikbaar oor melaatses wat in die Westfort Melaatse Instituut in Pretoria aangehou was. Dié inligting is bewaar in die biblioteek van die Noord-Transvaaltak van die GGSA.

Ek het my ouma se oudste dogter wat 'n pasiënt in die Instittut was en daar dood en begrawe is, se besonderhede nagegaan en tot die gevolgtrekking gekom dat sy in die Instituut deur my grootouers verlaat en vergeet was; 'n weggooi-kind.

Melaatses wat by Westfort opgeneem was, word verswyg en uit rekords weggelaat of die feit dat hulle in die Instituut dood en begrawe is en die feit dat hulle van melaatsheid dood is, word verswyg en verberg.

Verdere ondersoek deur belangstellendes en navorsers is nodig om die ander families en persone hierbo vermeld, van wie verslae en stambome uit die Instituut se rekords in my besit is, te ondersoek. Ek nooi belangstellendes uit om met my te skakel, die inligting van my te kry en saam daaraan te werk.


**Erkenning**

Ek bedank graag die volgende persone wie se hulp ek baie waardeer:

(1) My niggie, Elsa van Zyl, wat my vertel het van my ouma se eerste huwelik en die dogter wat uit die huwelik gebore is. Dit het my soektog van stapel gestuur.

(2) Lynn du Toit, wat die dokumente van die Pretoria Melaatse Instituut wat sy "baie verwaarloos onder in 'n boks gevind" het, gered en in biblioteek van die Noord-Transvaaltak van die GGSA bewaar en aan my beskikbaar gestel het;

(3) Janet Melville wat my gehelp het aan besonderhede van my ouma, Catharina Elizabeth Els (gebore Uys) se eerste man, Andries Petrus Stephanus van der Merwe;

(4) Mari Mostert wat saam met Kobie van Venter die een Westfort begraafplaas opgeskryf het en die foto van my oupagrootjie, Johannes Gerhardus Uys, se graf vir my gestuur het in 2008.


**Bronne:**


1. National Automated Archival Information Retrieval System (NAAIRS); TAB CS 920 Ref. 18232 Leper, Dina van der Merwe. 1909 – 1914 en VAB CO Vol. no. 528 Ref.

276/21 Whereabouts: enquiries re white leper Dina van der Merwe enquires whether her parents are living at Devilliersdorp, district Vrede. 1909

2. British Concentration Camps Database (BCCD): (http://www.lib.uct.ac.za/mss/bccd/), (http://www.lib.uct.ac.za/mss/bccd/Person/81338/Mrs_Johannes_Marthinus_Els/), (http://www.lib.uct.ac.za/mss/bccd/Histories/Middelburg/).
3. Why is leprosy talked about so much in the Bible?: (https://www.gotquestions.org/Bible-leprosy.html)
4. Biblical Leprosy: Shedding light on the Disease that Shuns; Dr. Alan Gillen, June 10, 2007: (http://www.jpost.com/Health-and-Sci-Tech/Health/From-biblical-curse-to-cultural-blessing)
en (https://web.stanford.edu/group/parasites/ParaSites2005/Leprosy/history.htm)
5. Glimpses of Francis of Assisi; Mark Galli: (https://gratefultothedead.wordpress.com/2010/08/21/glimpses-of-francis-of-assisi-from-mark-galli/)
6. Die Erasmuskasteel (1903) ‘n Kultuurhistotiese Studie; Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artrium in Kultuurgeskie-denis in die Fakulteit Geesteswetenskappe; Thersia Rossouw
7. Internasionale Historiese Genootskap Robbeneiland; Wikipedia: (https://af.wikipedia.org/wiki/Internasionale_Historiese_Genootskap_Robbeneiland)
8. Leprosy in South Africa: A Case Study of Westfort Leper Institution, 1898–1948; Simonne Horwitz, Oxford University
9. For(t)midable Landscapes: past cultural landscapes as a model to aid ecological and social healing at Fort West Village: Grunewald, Tosca Dina, UPSpace Institutional Repositary Department of Library Services: (https://repository.up.ac.za/handle/2263/31629)
10. Hard lives in old leper hospital; Sunday World in Sowetan Live: (https://www.sowetanlive.co.za/news/2007-04-13-hard-lives-in-old-leper-hospital/)
11. One billion Rand housing project in Fort West; Pretoria Moot Rekord, 5 October 2016: (https://rekordmoot.co.za/83616/one-billion-rand-housing-project-in-fort-west/)

12. Family Trees of Patients at the Leper Institution Pretoria; Miss A. M. Whiteman; 1927; Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika (GGSA), Noord-Transvaaltak Biblioteek, Erfenissentrum, Voortrekkermonument, Pretoria